39

P.M. 1.

**Kantoor van die Eerste Minister.** **Prime Minister's Office.**

KAAPSTAD.

MINUUT No.

Goedgekeur deur Uitvoerende Raad | Approved in Executive Council
Minuut/Minute No. 549
12-3-1955
D.P. v. Vuuren
Klerk van die Uitvoerende Raad | Clerk of the Executive Council

MINISTERS het die eer te verwys na Minuut van die Uitvoerende Raad No. 2107 van 26 Augustus 1952 waarkragtens Dr. JOHANNES MARTHINUS MARCHAND aangestel is om die Regering van die Unie van Suid-Afrika op die Internasionale Walvisvangskommissie te verteenwoordig.

MINISTERS het verder die eer Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal mee te deel dat die sewende vergadering van die Internasionale Walvisvangskommissie op 18 Julie 1955 in Moskou 'n aanvang sal neem.

MINISTERS het gevolglik die eer aan te beveel dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal mag behaag om goed te keur dat Sy Edele die Minister van Buitelandse Sake, vir die doel van die bywoning van die sewende vergadering van die Internasionale Walvisvangskommissie, geloofsbriewe aan Dr. JOHANNES MARTHINUS MARCHAND uitreik.

J. G. Strijdom

E. G. Jansen
12-3-1955